

Vrydag 17 September

Skrifgedeelte: Filemon:4-7

Fokusgedeelte: Filemon:4

Bid vir mekaar in die liefde van Christus

'n Tipiese kenmerk van Paulus se briewe is dat hy aan die begin vir die gelowiges sê dat hy vir hulle bid. In sy gebede dank hy God vir hulle en hy doen vir hulle voorbidding. Ook hier in Filemon doen hy dit. In vers 4 lees ons dat hy gereeld vir Filemon gebid het.

Vers 5 kan ons ook soos volg vertaal: "Omdat ek hoor van jou geloof in die Here Jesus en jou liefde vir al die gelowiges ..." Paulus sê dat mense 'n goeie getuienis van Filemon gee (waarskynlik het selfs Onesimus 'n goeie getuienis van hom gegee). Paulus kan nie in Filemon se hart sien nie, maar uit sy lewe was dit duidelik dat hy 'n verhouding met God het, en dat hy medegelowiges liefhet.

In vers 6 sê Paulus dat hy bid dat Filemon se geloof sal deurwerk na alle fasette van sy lewe, ook in verband met Onesimus. Die "goeie dinge" wat hy vir Christus kan doen, sluit in om vir Onesimus te vergewe. So 'n vergifnis sal 'n groot impak maak op die kerk en die wêreld, want dit getuig van die krag van die evangelie. Die evangelie het Filemon se lewe verander, want sy liefde is 'n voorbeeld en bemoediging vir ander gelowiges (vs 7). As gevolg van daardie liefde is versoening tussen hom en Onesimus moontlik.

Dink net hoe bemoedigend dit is om te weet dat daar medegelowiges is wat gereeld vir jou bid. Ons het 'n roeping om vir mekaar te bid. In ons gebed moet ons God dank vir sy werk in medegelowiges se lewe, en ons moet ook vra dat hulle geestelik sal groei. Deur geestelike groei is die onmoontlike moontlik, soos byvoorbeeld dat gelowiges met mekaar versoen. Dit is 'n getuienis van die liefde wat God in ons harte uitgestort het.

Vir watter medegelowige gaan jy vandag bid?

Sing: Skrifberyming 9-4:1, 6

Dr. HM Zwemstra (Heinrich) (Walvisbaai/Swakopmund)